# SA BOERBOK TELERSVERENIGING

## VEILINGSREËLS

Die volgende veilings moet deur lede van die SABTV onder beskerming van die SABTV aangebied word:

- Nasionale Veilings
- Wêreld- en Nasionale Skouveilings
- Produksie- en Privaatveilings
- Klub Veilings
- Geakkrediteerde Veldramveilings

Die volgende veilingsreëls is op bostaande veilings van toepassing en kan van tyd tot tyd deur die Raad van die SABTV aangepas en/of gewysig word:

**1.NASIONALE VEILINGS**
**1.1 Toegang**:
1.1.1 Slegs lede van die SABTV wat by SA Stamboek geregistreer is, mag diere op die vereniging se Nasionale veiling aanbied

**1.2 Aansoek**:
1.2.1 Aansoeke om diere op die Nasionale veiling te mag aanbied, moet jaarliks op die voorgeskrewe vorm wat deur die kantoor aan lede voorsien word, aan die kantoor gerig word voor of op 'n datum soos deur die Raad bepaal.
1.2.2 Geen aansoeke sal na die sluitingsdatum, soos deur die Raad bepaal, oorweeg word nie
1.2.3 Om aan die Nasionale Veiling te kan deelneem, moet 'n lid binne die laaste 12 maande diere aangebied het op hulle klubveiling.

**1.3 Omvang**:
1.3.1 Die omvang van diere wat op die Nasionale veiling aangebied mag word, berus in die uitsluitlike diskresie van die Raad en sal jaarliks deur die Raad bepaal word.
1.3.2 Indien die Raad van mening sou wees dat die aanbod van diere die potensiële aanvraag van diere te ver oorskry, sal die Raad by magte wees om die aanbod van diere op 'n pro-rata basis te verminder.

**1.4 Spektrum**: Slegs vol geregistreerde (SP) diere mag deur lede op die Nasionale veiling ingeskryf word.

**1.5 Inskrywingsfooi:**
1.5.1 'n Inskrywingsfooi soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, is aan die SABTV betaalbaar (Tans R 100.00 per ram en R 60.00 per ooi).
1.5.2 Voornoemde bedrae kan van tyd tot tyd deur die Raad aangepas word.
1.5.3 Indien 'n voornemende verkoper wel sy/haar diere op die Nasionale veiling aanbied, is 'n bedrag van R 50.00 in die geval van ramme en R 30.00 in die geval van die ooie na afloop van die Nasionale veiling deur die Telersvereniging aan die verkopers terugbetaalbaar.
1.5.4 Laasgenoemde bedrae kan ook van tyd tot tyd deur die Raad aangepas word.

**1.6 Keuring:**
1.6.1 Ramme en ooie wat op die Nasionale veiling aangebied word, sal afsonderlik deur ten minste drie (3) inspekteurs, wat jaarliks deur die kantoor aangewys word, op die dag voor die veiling gekeur word. Die beslissing van hierdie inspekteurs of ‘n dier op die Nasionale veiling aangebied mag word aldan nie, is bindend op die betrokke verkoper (s).
1.6.2 Die inspekteurs het die reg om die volgende dag, voor die veiling begin, die bekke van bokke na te gaan om toe te sien dat die bekke nie voor die keuringsproses gemanipuleer is nie.
1.6.3 Om geïnspekteer en gekeur te word moet ramme op 10 maande of ouer wees of min 60kg weeg , en ooi 10 maande of ouer of min 40kg weeg.
1.6.4 Indien ‘n dispuut ten opsigte van die keuringsproses ontstaan, sal die teenwoordige Dagbestuurslede van die Raad in samewerking met die betrokke inspekteurs ‘n finale en bindende besluit neem.

**1.7 Verkoops volgorde**:
1.7.1 Die verkoop volgorde in die geval van ramme sowel as ooie op die Nasionale veilings word bepaal deur die gemiddelde van ‘n verkoper se hoogste drie (3) ramme en/of hoogste drie (3) ooie op die voorafgaande Nasionale veiling, te bereken.
1.7.2 Indien ‘n verkoper minder as drie (3) ramme en/of ooie aanbied, sal die opbrengs van die diere steeds deur drie (3) gedeel word om die gemiddelde opbrengs te bereken.
1.7.3 In die geval waar ‘n verkoper (s) vir die eerste keer diere op die Nasionale veiling aanbied, sal sodanige verkoper (s) in alfabetiese volgorde tot die lys van verkopers wat op die voorafgaande Nasionale veiling diere aangebied het, toegevoeg word.

**1.8 Afslaers**: Die Raad sal van tyd tot tyd en in sy diskresie tenders vanaf afslaershuise aanvra vir die hou van die Nasionale veiling.
Tenders van die afslaerhuise verloop oor`n termyn van 3 jaar, waarna daar weer nuwe aansoeke ontvang sal word.

**1.9 Kommissie struktuur**:
1.9.1 ‘n Kommissie struktuur, soos van tyd tot tyd met die gekose afslaershuis onderhandel en ooreengekom, sal van die verkopers op die Nasionale veiling verhaal word.
1.9.2 ‘n Verdere 1% kommissie sal deur die afslaers/afslaershuis vanaf die verkopers verhaal en aan die Telersvereniging oorbetaal word.

**1.10 Advertensiekoste**:
1.10.1 ‘n Advertensieprogram vir die Nasionale veiling sal jaarliks deur die kantoor met die gekose afslaershuis onderhandel word.
1.10.2 Indien die advertensiekoste nie ten volle deur die afslaers gefinansier word nie, sal die restant van die advertensiekoste op ‘n pro-rata basis van die verkopers verhaal word.

**1.11 Vrugbaarheid van Ramme**:
1.11.1 Ramme sal jaarliks voor die Nasionale veiling op die veilingsperseel vir vrugbaarheid deur ‘n veearts, soos deur die kantoor aangewys, getoets word.
1.11.2 Ramme wat tydens hierdie proses onvrugbaar toets, mag nie op die Nasionale veiling aangebied word en/of na afloop van die veiling op die veilingsperseel verkoop word nie.
1.11.3 Slegs die betrokke veearts wat die toetse op die veilingsperseel doen se sertifikaat sal as geldig aanvaar word.
1.11.4 Die koste van die veearts sal deur die lede wat ramme op die veiling aanbied, pro-rata betaal word.

**1.12 Dragtigheid en spene by ooie:**
1.12.1 Alle ooie 6 tand en ouer wat nie 'n lam soog nie, sal deur 'n veearts op die veilingsperseel vir dragtigheid geskandeer word. Dit sal die enigste geldige sertifikaat wees.
1.12.2 Die koste van die veearts sal deur die lede wat ooie op die veiling aanbied, pro-rata betaal word

**1.13 Vooraf gekeurde diere**:
1.13.1 Diere wat voor die aanvang van die Nasionale veiling deur 'n inspekteur (s) van die Telersvereniging as 'n stoetdier verklaar en van 'n stoetplaatjie voorsien is, sal weer tydens die inspeksie proses op die veilingsperseel aan 'n inspeksie onderhewig wees.
1.13.2 Sodanige diere mag as stoetdiere op die Nasionale veiling aangebied word mits die inspekteurs die betrokke diere tydens die inspeksie proses op die veilingsperseel as 'n stoetdier aanvaarbaar vind.
1.13.3 Indien die inspekteurs, om watter rede ookal, egter sodanige vooraf gekeurde dier(e) tydens die inspeksie proses op die veilings perseel nie as 'n stoetdier verklaar nie, sal sodanige dier sy/haar stoetplaatjie behou en op daardie betrokke veiling as 'n kudde dier aangebied word.

**1.14 Absesse**: Absesse word toegelaat mits dit met hare bedek is en kleiner is as 'n R5.

**1.15 Na-veiling verkope**:
1.15.1 Slegs diere wat deur die keurders en veearts veilingswaardig verklaar is en nie tydens die veiling verkoop is nie, mag na afloop van die veiling op die veilingsperseel verkoop word met dien verstande dat sodanige transaksies deur die boeke van die afslaers hanteer word.
1.15.2 Diere wat deur die veearts en keurders as nie-veilingswaardig verklaar is, mag onder geen omstandighede na afloop van die veiling op die veilingsperseel verkoop word nie. Lede wat hulle aan hierdie praktyk skuldig maak, kan deur die SABTV geskors word vir 'n periode soos deur die Raad bepaal.

**2. WERELD- EN NASIONALE SKOUVEILINGS**
**2.1 Toegang:**
2.1.1 Slegs lede van die SABTV wat by SA Stamboek geregistreer is en wat diere op die Wêreld- en Nasionale skoue deur die ring vertoon, mag diere vir bostaande skouveilings inskryf.
2.1.2 Aanvullend hiertoe sal die beoordelaars tydens die wêreld- en nasionale skoue ook geregtig wees om diere tydens bostaande veilings in te skryf.

**2.2 Aansoek**
Dieselfde prosedures en reëls as in die geval van Nasionale veilings is van toepassing (Verwys para 1.2).

**2.3 Omvang**
2.3.1 Daar bestaan tans geen beperking op die aantal diere wat tydens bostaande veilings ingeskryf mag word nie.
2.3.2 Dit berus egter in die uitsluitlike diskresie van die Raad om hierdie praktyk te wysig indien nodig.

**2.4 Spektrum:** Slegs SP diere mag deur lede op bostaande veilings aangebied word.

**2.5 Stamboek Registrasie**: Vanaf 2023 moet alle diere wat op bostaande veilings aangebied word, by SA Stamboek geregistreer wees.

**2.6 Inskrywingsfooi**:
Dieselfde reëls as in die geval van Nasionale veilings is van toepassing.

**2.7 Keuring:**
2.7.1 Dieselfde persone wat as beoordelaars tydens die wêreld- en nasionale skoue optree sal ook verantwoordelik wees om die inspeksie van diere vir aanbieding op bostaande veilings te hanteer
2.7.2 Die restant van die veilingsreëls ten opsigte van keuring, soos van toepassing tydens die Nasionale veilings, sal ook tydens bostaande twee veilings van toepassing wees.

**2.8 Verkoop volgorde**:
Dieselfde reëls as vir Nasionale veilings.

**2.9 Afslaers, Kommissie Struktuur en Advertensiekoste**
Dieselfde reëls as vir Nasionale veilings.

**2.10 Vrugbaarheid van Ramme:**
Dieselfde reëls as vir Nasionale veilings.

**2.11 Dragtigheid en spene by ooie:**
Dieselfde reëls as vir Nasionale veilings.

**2.12 Absesse**
Dieselfde reël as vir Nasionale veilings.

**2.13 Na veiling verkope**
Dieselfde reëls as vir die Nasionale veilings.

**3. PRODUKSIE- EN/OF PRIVAATVEILINGS**
**3.1 Toegang**:
3.1.1 Ten einde goedkeuring vanaf die Raad te verkry om produksie- en/of privaatveilings onder beskerming van die SABTV te mag aanbied, moet sodanige lede diere op ten minste een van die SABTV se amptelike veilings aanbied.
3.1.2 Vir hierdie doel word Nasionale-, Nasionale Skou-, Klub- en Geakkrediteerde Veldramveilings as amptelike veilings van die SABTV beskou.

**3.2 Aansoek:**
3.2.1 Vanaf 1 Januarie 2014 moet lede en Klubs wat van voorneme is om produksie- en/of privaatveilings aan te bied, sodanige aansoeke jaarliks voor of op 30 Junie op die voorgeskrewe aansoekvorm aan die kantoor rig met ‘n pertinente aanduiding op watter amptelike veiling van die SABTV daar die afgelope jaar diere aangebied is.
3.2.2 Geen nuwe of laat aansoeke aansoeke sal jaarliks na 30 Junie deur die Raad oorweeg word nie tensy dit ‘n aansoek is om ‘n algehele uitverkoping van diere te hou. Sodanige aansoeke sal op meriete deur die Raad oorweeg word.
3.2.3 Die aansoeke om produksie- en/of privaatveilings te mag hou, sal jaarliks tydens die Raad se Julie vergadering vir goedkeuring aldan nie oorweeg word vir die daarop volgende jaar.
3.2.4 Indien daar ‘n botsing van veilingsdatums tussen lede na vore sou kom, sal die veilingskomitee van die Raad in samewerking met die Klub Voorsitters sodanige botsings tussen die Raad se Julie en Oktober Raadsvergaderings by wyse van onderhandeling met die betrokkenes besleg vir finale goedkeuring aldan nie tydens die Raad se Oktober vergadering.
3.2.5 Tydens oorweging en goedkeuring van hierdie aansoeke deur die Raad sal daar gepoog word om veilings nie binne 7 kalenderdae tussen veilings verloop wat in dieselfde streek aangebied word.

**3.3 Omvang:**
Daar is geen beperking op die aantal diere wat tydens produksie- en/of privaatveilings aangebied mag word nie.

**3.4 Spektrum:**
3.4.1 Stoet- sowel as kudde diere mag deur lede op produksie- en/of privaatveilings aangebied word.
3.4.2 Persone wat nie lid is van die SABTV nie, mag wel vanaf 1 Januarie 2013 toegelaat word om as gasverkopers diere op produksie- en/of privaatveilings onder beskerming van die SABTV aan te bied met die verstandhouding dat:
3.4.2.1 sodanige gasverkopers slegs ooie mag aanbied.
3.4.2.2 die diere van sodanige gasverkopers aan keuring onderhewig sal wees en aan die minimum rasstandaarde van die SABTV moet voldoen.
3.4.2.3 die toepaslike kommissie (tans 1%) ook ten opsigte van die gasverkopers se diere aan die kantoor betaalbaar sal wees.
3.4.3 Indien daar geadverteer word dat ‘n bepaalde produksie- en/of privaat veiling onder die beskerming van die SABTV aangebied word, mag geen slagvee en/of afgekeurde diere op dieselfde veiling aangebied word nie.

**3.5 Keuring**
3.5.1 Produksieveilings: Een (1) Keurder word toegelaat, mits die Kantoor die betrokke persoon formeel voorstel en goedkeur. (Verskillende keurders kan by groepe gebruik word.)
3.5.2 Die beslissing van hierdie inspekteurs of ‘n dier op die betrokke veilings aangebied mag word aldan nie, is bindend op die betrokke verkoper (s).
3.5.3 Hierdie keuringsproses moet binne 14 dae voor die veilingsdatum gedoen word.
3.5.4 Na afloop van die keuringsproses moet die betrokke inspekteurs binne drie (3) werkdae ‘n lys van goedgekeurde diere aan die kantoor voorsien.

**3.6 Afslaers, Kommissie struktuur en Advertensiekoste**
3.6.1 Lede wat produksie- en/of privaatveilings aanbied is geregtig om afslaers van hul keuse te gebruik; teen ‘n kommissie struktuur en met ‘n advertensieprogram soos met die betrokke afslaers ooreengekom.
3.6.2 ‘n Kommissie van 1% op die omset van die betrokke veilings sal aan die SABTV betaalbaar wees.
3.6.3 In die gevalle waar lede produksie- en/of privaatveilings buite die grense van hul basis klubgebied aanbied, kan ‘n verdere persentasie kommissie (indien so ooreengekom) aan die klub betaalbaar wees in wie se geografiese gebied sodanige veilings gehou word.

**3.7 Vrugbaarheid van Ramme**
3.7.1 Alhoewel die toets van ramme wat op hierdie veilings aangebied word nog nie verpligtend is nie, wil die SABTV ten sterkste aanbeveel dat ramme wel vir vrugbaarheid getoets word.
3.7.2 Indien ‘n koper van ‘n ram op hierdie veilings sodanige ram binne 14 dae na die aankoopdatum vir vrugbaarheid deur ‘n veearts sou laat toets en dit sou blyk dat sodanige ram onvrugbaar is, berus die verantwoordelikheid op die verkoper om sodanige ram te vervang met ‘n ram wat vir die koper aanvaarbaar is of om die koopsom van die betrokke ram aan die koper terug te betaal.
3.7.3 Indien libido probleme ervaar word met ramme wat op hierdie veilings aangekoop word, sal die koper (s) geregtig wees om die naam/name van sodanige verkoper (s) aan die kantoor te rapporteer vir aantekening in die libido register. Indien ‘n verkoper se naam 3x in die libido register aangeteken is, sal die Raad geregtig wees om die diere van die betrokke verkoper (s) te ondersoek.

**3.8 Vrugbaarheid en spene van ooie**
3.8.1 Ten einde vanaf 1 November 2008 op produksie- en/of privaat veilings aangebied te mag word, moet boerbokooie van 6-tand en ouer sigbaar dragtig wees of dragtig geskandeer word op die veilingsperseel of vergesel wees van 'n dragtigheidsertifikaat waarvan die datum nie ouer mag wees as 'n maand voor die aanvang van die betrokke veiling nie, of in die diskresie van die inspekteurs sonder twyfel vantevore gelam het of lammers soog.
3.8.2 Ooie met kudde spene mag aangebied word op die veilings indien die keurder dit as funksioneel beskou.

**3.9 Na-veiling verkope**
Dieselfde reëls as vir Nasionale veilings.

## 4. KLUBVEILINGS
4.1 Klubs sal ingevolge 'n besluit van die Raad geregtig wees om hul eie veilingsreëls te bepaal met dien verstande dat sodanige veilingsreëls nie in botsing is met die veilingsreeës wat op amptelike veilings van die SABTV van toepassing is nie.
4.2 Klublede wat nie lid van die SABTV is nie mag deur Klubs toegelaat word om ooie op die Klub veilings aan te bied maar nie ramme nie.
4.3 In die gevalle waar Klubs die volle veilingskoste self finansier, sal geen kommissie aan die SABTV betaalbaar wees nie. 1% Kommisie word oorbetaal na die klub.
4.4 Klubveilings: Twee (2) Keurders toegestaan.

## 5 GEAKKREDITEERDE VELDRAMVEILINGS
5.1 Ten einde akkreditasie vir veldram projekte onder beskerming van die SABTV te bekom en veilings onder beskerming van die SABTV te mag aanbied, moet die reëls waarvolgens sodanige veldram projekte bedryf word aan die SABTV voorgehou word vir goedkeuring.

## 6. ALGEMEEN
6.1 **Prulle**: Geen prulle mag op veilings wat onder beskerming van die SABTV aangebied word verkoop word nie – ook nie as slagdiere nie.
6.2 **Kommersiele Veilings**: Lede van die SABTV moet ten alle tye aanteeldiere op veilings onder die beskerming van die SABTV aanbied en is derhalwe nie by magte om "kommersiele veilings" aan te bied wat nie onder die beskerming van die SABTV resorteer nie.
6.3 **Aanlyn / Whatsapp Veilings:** Enige vorm van aanlyn / Whatsapp veilings moet voor aansoek gedoen word, diere moet gekeur word en veiling moet voldoen aan die SABTV regulasies.